

# 23

## GOD PRAAT MET ONS

### *Erediens: prediking*

#### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die ouers en kinders moet verstaan dat God in die erediens met ons praat, onder andere deur die prediking.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet dat God met ons in die erediens praat deur middel van die –

- votum en seëngroet;
- wet;
- genadeverkondiging;
- Skriflesing;
- prediking; en
- seën.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet dankbaar wees om in die erediens na God te kan luister deur die prediking.

##### **Vaardigheid**

Vra vir die predikant om vir jou te verduidelik hoe 'n preek voorberei word.

#### **MEER INLIGTING (Romeine 10: 5-17)**

In die Romeine-brief redeneer Paulus met 'n denkbeeldige Jood wat wil vertel dat ons deur allerhande wette en gewoontes gered word. In hoofstuk 10: 11-17 vertel hy dat dit heel anders werk. Ons word nie gered deur die dinge wat ons doen nie, maar deur die geloof in Jesus Christus. En 'n mens kan alleen in Jesus glo as jy hoor wie Hy is en wat Hy alles vir ons gedoen het. Dit alles word vir ons vertel onder andere as ons na preke luister. Daarom die baie bekende teksverse: *As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.* <sup>10</sup>*Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en*

met die mond bely ons, en ons word gered. <sup>11</sup>Die Skrif sê tog: “Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.” <sup>12</sup>“Niemand nie!” Dit maak dus geen verskil of ’n mens ’n Jood of ’n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, <sup>13</sup>want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. <sup>14</sup>Maar hoe kan ’n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? ... <sup>17</sup>Die geloof kom dus deur die prediking wat ’n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.

Die rede waarom dit so belangrik is dat ons na die prediking moet luister, is omdat God deur die prediking met ons praat. In die prediking is dit God wat aan die woord kom, en ons luister na wat Hy vir ons wil sê. Hoewel dit die dominee se stem is wat ons hoor, is dit God wat hom gebruik om namens Hom te praat. Vir die dominee moet dit ’n baie ernstige saak wees om te gaan preek. Daarom moet hy met alles tot sy beskikking en na die beste van sy vermoë die gedeelte waaruit hy preek ondersoek en bestudeer. In geleerde taal sê ons die dominee doen eksegese. Hy gaan kyk hoe die teks in die oorspronklike taal lyk – Hebreeus vir die Ou Testament en Grieks vir die Nuwe Testament. Hy gaan kyk wat die Kerk se belydenisgeskrifte sê oor die saak waaroor dit gaan, en hy pas alles toe op die lewe van vandag. Die dominee moet altyd met sekerheid en oortuiging vir die gemeente kan sê: *Dit is wat die Here wil hê julle moet hoor.*

Onthou dat ons in Les 3 gesê het dat ’n erediens ’n gesprek is tussen ons en God om ook te verseker dat die verhouding tussen ons en Hom nie skade ly nie. In enige verhouding moet mense met mekaar praat. Ons praat met God wanneer ons bid en sing in die erediens (kyk Les 13). God praat op sy beurt weer met ons wanneer ons die Bybel lees en Sondae in die kerk na die preek luister.

Mense kyk bykans elke aand die nuus op TV, of hulle lees dit elke dag in die koerant. As hulle dit nie doen nie, gaan hulle nie weet wat in die wêreld aan die gang is nie. Hulle gaan nie kan saampraat wanneer mense praat oor die nuutste gebeure nie.

Wanneer ons na ’n preek luister, luister ons ook na die nuus. Die verskil is egter dat waar die nuus van die wêreld gaan oor moorde en dood en bedrog en mense wat mekaar seermaak, is die nuus wat ons in die preek hoor die goeie nuus. Deur van die dominee gebruik te maak, vertel God ons van die goeie nuus. In God se goeie nuus is daar geen slegte of lelike berigte nie, net mooi berigte van liefde – God se liefde vir ons. Dit is die beste nuus wat ons kan hoor. Ons hoor die evangelie, en dit is wat die woord *evangelie* ook beteken – *goeie nuus*. Die goeie nuus is dat Jesus vir ons die sonde en dood en hel oorwin het – ons verlos het van die sonde, en die ewige lewe vir ons gegee het.

Wanneer ons in die prediking hierdie goeie nuus hoor, kan ons nie anders nie as om uit dankbaarheid God en ons medemens lief te hê. As ons nie elke Sondag wat ons kan kerk toe gaan om hierdie goeie nuus en ons verantwoordelike antwoord daarop te hoor nie, gaan ons al hierdie dinge vergeet.

Wanneer ons luister na ’n preek, beteken dit nie dat ons dit net sal hoor en dan weer daarvan vergeet nie. Omdat dit God is wat met ons praat en baie belangrike dinge vir ons sê, moet ons Sondag se preek onthou vir die res van ons lewe.

## AANBIEDING

### JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Die dominee met wie jy vroegtydig 'n afspraak gemaak het.
- Die Griekse en Hebreeuse tekste van die Bybel.

### KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

### HET HULLE ONTHOU?

- Kontroleer of almal hulle prente geteken het. Laat hulle dit wys en die inhoud daarvan verduidelik.
- Kontroleer of hulle die volgende kan onthou deur die ontbrekende woorde in te vul.

So het Jesus ons verlos:

- In ons *plek* het Hy *gestaan*.
- In ons *plek* het Hy *gely*.
- In ons *plek* het Hy *gestarf*.
- In ons *plek* het Hy *opgestaan uit die dood*.
- In ons *plek* is Hy *hemel toe*.

### NOU IS ONS .....! (VERLOS)

### VANDAG LEER ONS

#### BEGIN SO

'n Erediens is 'n gesprek tussen ons en God. Ons praat met God wanneer ons bid, sing en ons geloof en ons skuld bely. Dit is egter nie net ons wat met God praat nie. Hy praat ook met ons. God praat met ons deur die Bybel en deur die preek wat ons hoor. Daarom is dit belangrik dat ons mooi na die preek sal luister om te hoor wat God vir ons wil sê.

#### IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING oor.

#### IETS BELANGRIK

Laat hulle en hulle ouers Gesang 257: 1 lees en die vrae in hulle boeke antwoord. Bespreek hulle antwoorde daarna. Laat die kinders wie se ouers nie daar is nie, inskakel by 'n ander gesin.

*O Heer, maak oop my hart se poort;  
maak my ontvanklik vir u Woord  
wat my u raad en wil verklaar.  
Laat my dié Woord altyd bewaar. Amen.*

- Hoe dink jy maak die Here jou hart se poort oop? *Verskeie antwoorde is moontlik, onder andere: Hy laat my die Here se Woord verstaan en laat my dit toepas in my lewe, laat my liefhê, maak my gehoorsaam, ensovoorts.*
- Wat sê hierdie gesang is die werk of funksie van die Woord? *Dit verklaar die wil en raad van God.*
- Hoekom dink jy moet ons die Woord altyd bewaar? *God se Woord leer ons wat reg en verkeerd is. So maak dit my gelukkig en hou dit my uit die kwaad uit.*

Laat hulle Romeine 10: 17 'n paar keer oor en oor sê en dan in hulle boek neerskryf.

*Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus. (Die "verkondiging van Christus" is om te vertel wat Jesus alles vir ons gedoen het – vir ons geleer, gely, gesterf, uit die dood opgestaan, plek in die hemel gemaak...)*

### **IETS OM TE DOEN**

- Vra die dominee om vir die kinders te vertel hoe 'n preek voorberei word.
- Vra die dominee om vir die kinders die Griekse en Hebreeuse tekste te wys waaruit gewerk word, en te vertel waarom dit belangrik is om daardie tekste te gebruik wanneer 'n preek gemaak word.
- Laat hulle in hulle eie woorde skryf wat hulle uit die laaste preek kan onthou.

## **BY DIE HUIS**

### **DOEN**

Laat hulle by die skool vir iemand gaan vertel dat God in die erediens aan die woord kom – dit beteken Hy praat met ons – en wat Hy in vanoggend se erediens vir *hulle* gesê het.

### **LEER**

- God is teenwoordig in die erediens.
- God praat met ons deur middel van die prediking.
- In die prediking hoor ons dat Jesus ons van ons sonde verlos het.
- Wat ons in die prediking hoor, moet ons so dankbaar maak dat ons God sal liefhê bo alles en almal, en ons naaste soos onself.

## **AFSLUITING**

Sluit af met Gesang 257: 1 as gebed.

*O Heer, maak oop my hart se poort;  
maak my ontvanklik vir u Woord  
wat my u raad en wil verklaar.  
Laat my dié Woord altyd bewaar. Amen.*